

## **Terme en Voorwaardes:**

### **Aanvaarding van Terme en Voorwaardes**

Hierdie bepalings en voorwaardes maak 'n wettig bindende ooreenkoms uit tussen die Gebruiker en Ahaekhetdit (Reg no. 2016/261799/07) . Deur toegang tot beide die Webwerwe [www.ahawiskunde.co.za](http://www.ahawiskunde.co.za) en/of [www.ahaekhetdit.co.za](http://www.ahaekhetdit.co.za) te verkry, daardeur te blaai en/of dit te gebruik, erken die Gebruiker dat die Gebruiker hierdie bepalings en voorwaardes gelees het, dit verstaan en daartoe instem om daardeur gebind te word, soos dit af en toe dalk gewysig sal word. Indien die Gebruiker nie met hierdie bepalings en voorwaardes saamstem nie, moet die Gebruiker so gou as moontlik die Webwerf verlaat, aangesien verdere gebruik die Gebruiker outomaties sal verbind tot hierdie bepalings en voorwaardes.

Gebruikers wat die webwerf gebruik, vir enige rede, onderwerp hulself aan en aanvaar die terme en voorwaardes van Ahaekhetdit, soos hier onder uiteengesit.

### **Terme en Definisies**

“**Gebruiker**” beteken enige persoon wat die webwerf gebruik of betree, deurblaai, insluitend die besoek van slegs die tuisblad.

“**CPA**” verwys na die VERBRUIKERS BESKERMINGS Wet 68 van 2008

“**ECT**” verwys na die ELEKTRONIESE KOMMUNIKASIE EN TRANSAKSIES Wet 25 van 2002

“**PAIA**” verwys na die BEVORDERING VAN TOEGANG TOT INLIGTING Wet 2 of 2002,

“**RICIA**” verwys na die REGULERING VAN DIE ONDERSKEPPING VAN KOMMUNIKASIES Wet 70 van 2002

“**Webwerf**” beteken die webwerwe van Ahaekhetdit wat geleë is by [www.ahawiskunde.co.za](http://www.ahawiskunde.co.za) en [www.ahaekhetdit.co.za](http://www.ahaekhetdit.co.za)

“**Terme en Voorwaardes**” beteken alle terme en voorwaardes soos uiteengesit in hierdie dokument

### **Gebruik**

‘n Gebruiker wat volle toegang tot die webwerf en sy dienste wil bekom moet ‘n profiel skep en registreer deur ‘n gebruikersnaam en wagwoord te skep. Die Gebruiker is verantwoordelik om die gebruiker se gebruikersnaam en wagwoord veilig te bewaar.

Om die webwerf te besoek en lidmaatskap te bekom moet die Gebruiker ‘n natuurlike persoon wees. Indien die Gebruiker onder die ouderdom van 18 is vereis Ahaekhetdit dat die

Gebruiker se ouer of voog die Terme en Voorwaardes namens die Gebruiker aanvaar en toestemming gee dat die Gebruiker die webwerf kan gebruik.

Die Gebruiker mag nie onder 'n valse naam registreer nie, name gebruik wat offensief is nie of enige iemand se regte skend nie. Ahaekhetdit behou die reg voor om die Gebruiker se lidmaatskap te kanselleer indien die Gebruiker nie hieraan gehoor gee nie.

Elke Gebruiker moet sy eie gebruikersnaam en wagwoord gebruik. Die Gebruiker mag niemand anders toestemming gee om die Gebruiker se gebruikersnaam en lidmaatskap te gebruik nie. Die Gebruiker aanvaar dat die Gebruiker alleen verantwoordelik is vir enige aktiwiteite wat onder die Gebruiker se gebruikersnaam en lidmaatskap plaasvind. Die Gebruiker moet alle gebruik sonder toestemming sonder versuim rapporteer aan [kontak@ahawiskunde.co.za](mailto:kontak@ahawiskunde.co.za)

Die Gebruiker se lidmaatskap is aktief so lank as wat die Gebruiker se subskripsie betaal is en geldig is. Geldigheid begin op die dag van betaling, en is geldig vir die periode waarvoor daar betaal is.

### **Beperkte Regte vir gebruik van inligting op hierdie webwerf:**

Alle inhoud, insluitend, sonder beperking; die inhoud, handelsmerke of handelsname, logos, domeinname, patente, ontwerpelemente, programmatuur, databasisse, teks, grafika, ikone, hiperskakels, data, klank- en videomateriaal en ander leërs, webblaaie, patente, bronkode, meta-etiket, databasisse, hiperskakels, inhoud en die seleksie en rangskikking daarvan, grafiese en audiologiese data en inligting, sagteware, privaat inligting, en ontwerp, op hierdie webwerf is die alleen eiendom van Ahaekhetdit, en dit word as sodanige oortreding en skending beskerm deur internasionale en plaaslike wetgewing en ooreenkomste. Alle regte tot alle intellektuele eiendom op hierdie webwerf word uitdruklik gereserveer, en is onderhewig aan die regte wat aan die gebruiker binne die bepaalde wetgewing toegeken is.

Die inligting en materiaal wat op hierdie webwerf en/of ander inligting wat in enige ander formaat verskaf word, word deur die kopieregwet beskerm en is wetlik geprivilegeerd.

Gebruikers word aangemoedig om vals, onjuiste, lasterlike, onwettige, regskenkende en/of skadelike inhoud van Ahaekhetdit en ons sosiale media te rapporteer. Ahaekhetdit sal die nodige stappe volg om die inhoud of deel daarvan te korrigeer of te verwyder.

Die inhoud van die Webwerf mag slegs vir privaat, persoonlike, opvoedkundige en/of nie-kommersiële doeleindes gebruik word.

Inhoud wat deur die Gebruiker verkry word, mag nie verkoop, herverkoop, uitgesaai of andersins beskikbaar gemaak of versprei word om enige manier via enige media na enige derde partye tensy daar vooraf skriftelike toestemming van Ahaekhetdit ontvang is nie.

Die Gebruiker mag nie enige kopiereg-, handelsmerk of ander eiendomsreg-kennisgewings uitwis, verdraai of andersins die eiendomsreg-inligting wat in die inhoud bevat word, op 'n wyse verander wat dalk afbreuk sou doen aan Ahaekhetdit nie.

Die Gebruiker onderneem om nie intellektuele eiendom wat besigtig, afgelaai of andersins verkry is van hierdie Webwerf, te dupliseer, kopieer, herversprei, dissemineer, die vertoon,

aan te pas, uitmekaar te maak, terugengineer (reverse engineer), dekompileer, transkribeer, in 'n vasleggingstelsel stoor, vertaal in enige taal of rekenaartaal, heruitsaai in enige vorm of deur enige middele (elektries, meganies, fotokopiëring, opname of ander) of op soortgelyke wyse daarmee handel, sonder dat daar vooraf skriftelike toestemming van Ahaekhetdit verkry word nie. Alle materiaal wat beskikbaar is op Ahaekhetdit webwerf behoort aan Ahaekhetdit.

Alle regte wat nie uitdruklik toegestaan word in terme van hierdie bepalinge en voorwaardes, word voorbehou. Enige gebruik van Ahaekhetdit se eiendomsregtelike inligting deur 'n Gebruiker buiten die nie uitdruklik gemagtig word in terme hiervan nie, kan dalk intellektuele eiendomsreg-wette en ander regulasies en verordeninge oortree en aanspreeklik wees vir kriminele vervolging en/of siviele eise.

Die Gebruiker mag nie die logo's, ikone of handelsmerke op hierdie webwerf as hiperskakels of vir enige ander doel gebruik sonder skriftelike toestemming van Ahaekhetdit nie.

Die Gebruiker mag slegs rondblaai op hierdie webwerf vir legitieme, persoonlike en nie-kommersiële doeleindes en mag nie die webwerf gebruik vir:

- skadelike doeleindes; of
- onwettige doeleindes; of
- die bekendmaking, uitdeel of publikasie van inhoud wat aanstootlik, lasterlik, gereguleerd, foutief, onwaar, verbode, oortredend of skadelik kan wees vir enige persoon; of
- die skep, stoor en stuur van ongevraagde kommersiële kommunikasie.

Indien die Gebruiker inligting van hierdie webwerf gebruik en sodoende hierdie gebruikersooreenkoms oortree, behou Ahaekhetdit die reg voor om skadevergoeding te eis en/of strafregtelike stappe teen die Gebruiker te neem.

Die gebruiker is slegs toegelaat om:

- Die inhoud te vertoon op 'n rekenaarskerm, tablet of slimfoon vir persoonlike gebruik;
- Druk van individuele dokumente op papier en stoor van individuele bladsye in elektroniese formaat op die gebruiker se persoonlike toerusting, en vir persoonlike gebruik.

Tensy die gebruiker vooraf skriftelike toestemming het, word die gebruiker verbied om die volgende te doen:

- Verspreiding of distribusie van enige van die inhoud – insluitend die gebruik van enige biblioteek, argief of soortgelyke toerusting/apparaat
- Ontrek en vertoon of druk van die inhoud vir 'n ander individu wat nie 'n betaalde gebruiker is nie
- Verwydering van enige kopieregte of notas of logos van enige inhoud van die webwerf
- Skep van 'n databasis in elektroniese of gestruktureerde handleiding deur die aflaai en stoor van alle of enige van die inhoud
- Verander, vermeerder, publiseer of in enige ander kommersiële uitbuiting van enige van die inhoud

- Die gebruiker mag nie enige derde party toelaat om enige hiervan namens die gebruiker te doen nie
- Toegang te verkry toegang of probeer verkry na enige deel van die webwerf deur enige metode anders as deur die koppelvlak wat Ahaekhetdit voorsien nie
- Betrokke te wees met enige aktiwiteit wat die webwerf of sy dienste, netwerke en webgashere in te meng en te ontwig.
- Die Gebruiker mag nie gebruik maak van data myning, robote, skerm skraping of soortgelyke data versameling en ekstraksie metodes en gereedskap op die webwerf nie
- Die werf en die inhoud mag nie gekopieër, vermeerder, herpubliseer, opgelaai, gepos, oorgestuur of verskprei word nie. Diep verbindings, inbed, of gebruik van analoog tegnologie is streng verbode.
- Die Gebruiker mag nie probeer om die sekuriteit te omsingel of te deaktiveer of te interfeer met sekuriteits-ervante funksies van die webwerf of funksies wat die voorkoming of beperking van die kopiering van enige inligting op die werf te beperk nie.
- Persoonlike inligting wat na ander gebruikers verwys, kollekteer, oes of bekom nie
- Skep, stoor of stuur van ongevraagde kommersieele epos, of enige onwetige akitiwiteite soos bv piramide skemas of kettingbriewe
- Skryf of ontwikkel enige afleiding van hierdie Webwerf of ander sagteware gebaseer op hierdie webwerf
- Verander, verbeter of bedissel hierdie webwerf
- Gebruik die webwerf of enige persoonlike item om leers te versprei wat virusse, trojaanse perde, bomme, tyd-sleutels, Use the site or and any personalised item to transfer files that contain viruses, trojans bombs, time-locks, uitvissing programme of enige ander skadelike programme bevat, of die webwerf se sekuriteits maatreels penetreer

## **Lidmaadskap**

Ahaekhetdit behou die reg tot Lidmaadskap en toegang voor. Lidmaadskap is onderhewig aan die Terme en Voorwaardes asook die betaling van fooie soos op die webwerf gepubliseer is. Die Gebruiker ontvang 'n epos 15 dae voordat die toegang verval en dit is die gebruiker se verantwoordelikheid om betyds die lidmaatskap te hernu. Sodra die lidmaatskap verval, verval die wagwoord en ooreenkomstig toegang tot die stelsel.

'n Gebruikernaam en wagwoord kan slegs op een toestel op 'n slag gebruik word. Indien 'n gebruiker by 'n tweede toestel wil inskakel moet daar eers vanaf die ander toestel uitgeteken word. Alternatiewelik moet 'n addisionele lidmaatskap uitgeneem word.

Ahaekhetdit behou die reg voor om ongewenste gebruik van wagwoorde te monitor en indien daar vermoed word dat gebruikernaam en wagwoord aan derde partye uitgegee is mag Ahaekhetdit die lidmaatskap tydelik onttrek totdat 'n ondersoek afgehandel is.

Die gebruiker onderneem hiermee om seker te maak dat al die inligting wat die gebruiker aan Ahaekhetdit voorsien korrek is en deurentyd bygewerk word. Ahaekhetdit is nie aanspreeklik vir enige skade, verlies of verpligting van enige aard na aanleiding van enige wanvoorstelling deur die Gebruiker nie. Indien die Gebruiker versuim om die Gebruiker se

inligting teenswoordig en bygewerk te hou, behou Ahaekhetdit die reg voor om die gebruiker se Ahaekhetdit profiel en of Lidmaatskap op te skort of te verwyder.

### **Vrywaring/ Beperking van aanspreeklikheid**

Ahaekhetdit behou die reg om sonder vooraf kennisgewing om pryse en tariewe op hierdie webwerf te verander.

Inligting, idees en opinies wat op die webwerf geplaas is, moet nie as amptelike opinie aanvaar word nie. Uit die aard van die samestelling van die inligting word gebruikers aangemoedig om alle foute aan te meld sodat dit reggestel kan word.

In geen geval sal Ahaekhetdit, sy personeel, borge, medewerkers, verskaffers of diensverskaffers aanspreeklik gehou word vir gevolglike, onvoorsiene, spesiale of enige verlies, aanspreeklikheid, kostes, skade of uitgawe, van watter aard ook al wat mag voortspruit uit die gebruik van, of vertrou in, die dienste en materiaal wat op hierdie webwerf en/of ander inligting wat in enige ander formaat verskaf word vervat is nie, wat deur die Gebruiker of enige ander persoon ondervind of veroorsaak word wat voortspruit uit of verband hou met die gebruike, onvermoë om te gebruik of onbeskikbaarheid van hierdie Webwerf of ander gekoppelde webwerwe, hetsy as gevolg van nalatigheid of nie.

Die Gebruiker erken en stem saam dat al die inhoud op hierdie Webwerf “voetstoots” is en nie saamgestel is om in individuele behoeftes te voorsien nie. Dit is die verantwoordelikheid van die gebruiker om voordat hy van Ahaekhetdit se dienste gebruik maak, seker te maak dat die Gebruiker tevrede is dat die dienste beskikbaar by hierdie webwerf aan die Gebruiker se individuele vereistes voldoen en dat die Gebruiker se sagteware en hardeware versoenbaar is.

Ahaekhetdit gee geen waarborg, hetsy uitdruklik of geïmpliseerd, dat die inhoud of tegnologiese wat van hierdie Webwerf beskikbaar is of dat toegang tot hierdie Webwerf vry van foute of weglatings sal wees of dat die diens 100% ononderbroke en veilig sal wees nie, dat defekte reggestel sal word of dat hierdie Webwerf en/of die bediener wat dit aan die Gebruiker beskikbaar stel, vry van virusse, infeksies, goggas of dergelike is nie. Gebruikers word aangemoedig om enige moontlike abnormale werking en foute te rapporteer. Die Gebruiker moet dus nie op die inhoud wat geplaas is, staatmaak nie en die Gebruiker moet self die akkuraatheid, gepastheid en volledigheid van die inhoud onafhanklik bevestig.

Nieteenstaande enige bepaling of voorwaarde hierin vervat, sal die Gebruiker of enige ander persoon nie daarop geregtig wees om enige delikteregseise, kontraktuele of ander eis teen Ahaekhetdit in te stel vir enige indirekte of daaruit volgende verliese of skade (insluitende, sonder beperking, winsverlies, gebruiksverlies, produksieverlies, sakeverlies of verlies van sakegeleenthede) as gevolg van enige oorsaak wat ook al ontstaan uit die gebruik van hierdie Webwerf of ander gekoppelde webwerwe nie.

Ahaekhetdit onderneem om te verskeer dat die materiaal op hierdie webwerf 'n waardevolle opvoedkundige hulpmiddel is wat voordele aan studente en hul ouers bied, maar geen waarborg word geïmpliseer van die effektiwiteit hiervan nie en aanvaar geen verantwoordelikheid vir enige foute, uitlatings of foutiewe gevolgtrekkings wat gemaak word van enige van die inhoud nie.

Ahaekhetdit gee geen waarborg ten opsigte van akademiese prestasie nie en aanvaar geen verantwoordelikheid vir enige akademiese prestasie of nie-prestasies nie.

Ahaekhetdit se maksimum aanspreeklikheid vir enige rede waar Ahaekhetdit aanspreeklik gevind word sal beperk word tot die aankoop prys wat betaal is deur die gebruiker vir die dienste.

### **Akkuraatheid van inhoud op hierdie webwerf**

Alhoewel Ahaekhetdit alles in sy vermoë doen om te verseker dat die inligting op die webwerf op datum en korrek is, is Ahaekhetdit nie aanspreeklik vir enige verlies, skending, skade (hetsy direk, daaruit volgende, algemeen of spesiaal) of enige koste van enige aard wat, direk of indirek, veroorsaak word deur die gebruik van-, voorsiening van- of vertrou op enige inligting of dienste voorsien deur of aan Ahaekhetdit deur hierdie webwerf nie.

As gevolg van die natuur van die inhoud, die bronne waarvandaan dit opgestel is, kan foute en uitlatings plaasvind en Ahaekhetdit waarborg nie die akkuraatheid en volledigheid van die inhoud nie. Ahaekhetdit waarborg ook nie dat die diens vry is van infeksie deur virusse of enige ander kontaminerende of destruktiewe einenskappe het of dat die diens vry sal wees van aanval nie.

### **Privaatheid**

Alle moontlike maatreëls sal getref word om seker te maak dat die Gebruikers se inligting veilig is.

Die Gebruiker onderneem om nie hul gebruikersnaam of wagwoord aan enige ander persoon bekend te maak nie.

Indien enige verandering in die privaatheidsbeleid gemaak word sal gebruikers per e-pos daarvan in kennis gestel word.

Ahaekhetdit sal nie die Gebruiker se persoonlike inligting verkoop, verhuur of andersins bekend maak aan enige derde party sonder die gebruiker se goedkeuring nie.

Sekere gedeeltes van Ahaekhetdit webwerwe kan slegs toegang kry indien die gebruiker 'n geldige lidmaatskap het. Sekere persoonlike inligting word benodig vir lidmaatskap insluitend maar nie beperk tot 'n geldige epos adres, kontak nommer, Skoolgaande Provinsie, ouderdom en geslag.

Ahaekhetdit kan ook inligting rondom die gebruiker se webgebruik versamel om sodoende 'n beter diens te kan lewer.

Derde partye wat deur Ahaekhetdit gebruik word vir dienslewering insluitend byvoorbeeld webbeddieners, administrasie en ander, gebruik persoonlike inligting slegs ter uitvoering van hul funksies.

### **Wetgewing**

Onderhewig aan die bepalings van die ECT, PAIA, RICA en CPA is Ahaekhetdit nie verantwoordelik vir enige verliese, skade of aanspreeklikheid van enige aard wat ontstaan as gevolg van die gebruik of onvermoë om die webwerf of dienste van die webwerf of inhoud van die webwerf te gebruik nie. Daarmee saam maak Ahaekhetdit geen aansprake, voorstellings of waarborge, implesiet of anders, dat die inhoud en tegnologie op hierdie webwerf foutloos, sonde weglatings, is nie of dat die diens 100% onderbreekbaar en foutloos is nie.

### **Skakels vanaf die Webwerf**

Hierdie Webwerf bevat dalk skakels na ander webwerwe wat deur ander partye buiten Ahaekhetdit bedryf word. Die Gebruiker word aangeraai om versigtig te wees en oordeelkundigheid te gebruik wanneer hy sulke skakels soek of daartoe toegang verkry. Skakels vanaf hierdie Webwerf word gerieflikheidshalwe voorsien as 'n diens aan die Gebruikers van hierdie Webwerf. Aangesien Ahaekhetdit geen beheer oor sulke webwerwe het nie, erken en stem die Gebruiker saam dat Ahaekhetdit nie aanspreeklik gehou sal word vir enige inhoud wat op of van hierdie webwerwe beskikbaar is nie.

Deur sulke skakels te voorsien, gee Ahaekhetdit geensins, hetsy uitdruklik of geïmpliseerd, goedkeuring of enige aanvaarding van die gekoppelde webwerwe of die onderskeie inhoud daarvan nie. Ahaekhetdit gee geen waarborg en maak geen voorstelling in verband met so 'n gekoppelde webwerf nie. Die Gebruiker erken verder en stem saam dat Ahaekhetdit nie aanspreeklik gehou sal word nie, hetsy direk of indirek, en hiermee vrywaar die Gebruiker Ahaekhetdit ten opsigte van enige skade of verlies wat deur die Gebruiker of ondervind of veroorsaak word of na bewering ondervind of veroorsaak is, in verband met die gebruik, onvermoë om te gebruik of vertrou op die inhoud wat op sulke gekoppelde webwerwe beskikbaar is.

### **Skakels na die Webwerf en omraming**

Ahaekhetdit moet vooraf skriftelik in kennis gestel word, en skriftelike toestemming moet vooraf voorsien word, van enige skakels na sy Webwerf vanaf eksterne webwerwe en behou die reg voor om enige ongemagtigde skakels onbruikbaar te maak. Diep skakeling na en omraming van bladsye en inhoud op hierdie Webwerf, is verbode.

### **Diensonderbrekings:**

Ahaekhetdit onderneem om ons diens en die tegnologie wat dit ondersteun te handhaaf, maar ons maak geen vertoë of waarborge, geïmpliseerd of andersins, dat, onder andere, die inhoud en inligting wat beskikbaar is op hierdie webwerf sonder foute of weglatings is, of dat die diens sonder onderbrekings of foute sal wees nie. Ahaekhetdit sal nie aanspreeklik wees vir enige skade, verlies of verpligting van welke aard ook al wat voortspruit uit enige foute wat bestaan, of wat van tyd tot tyd kan ontstaan, in Ahaekhetdit se diens nie. Die Gebruiker word aangemoedig om enige moontlike foutwerkings of foute aan te meld aan [kontak@ahawiskunde.co.za](mailto:kontak@ahawiskunde.co.za)

Hiermee vrywaar die Gebruiker Ahaekhetdit ten opsigte van enige eis wat vooruitspruit uit enige “kuberkraking” of onderbreking van diens.

Ahaekhetdit mag met of sonder kennis die webwerf verander of onttrek, tydelik of permanent, sonder aanspreeklikheid aan die Gebruiker of enige derde party.

Ahaekhetdit behou die reg om met diskresie enige aktiwiteit en inhoud geassosieer met die webwerf te monitor. Ahaekhetdit kan enige verdagte skending van die Terme en Voorwaardes, of klagtes ondersoek en aksie neem wat Ahaekhetdit goed vind.

### **Sekuriteit**

In terme van deel 86 van die EKT-wet is dit 'n strafbare oortreding om ongemagtigde toegang te verkry tot enige verbode gebiede van hierdie Webwerf of om andersins in te meng met die behoorlike werking daarvan.

Ahaekhetdit sal alle redelike stappe neem om die inhoud van hierdie webwerf en die inligting wat van jou verkry is te beskerm teen ongemagtigde toegang en/of bekendmaking. Ahaekhetdit maak egter geen verhoë en waarborg nie dat die inhoud van hierdie webwerf heeltemal veilig is nie.

Ahaekhetdit beveel aan dat die Gebruiker 'n anti-virusprogrammatuur installeer voor die Gebruiker enige inligting van hierdie webwerf aflaai en seker maak dat hierdie programmatuur versoenbaar is met die Gebruiker se toerusting en gereeld bygewerk word.

As die Gebruiker enige van die misdrywe pleeg wat uiteengesit word in afdelings 85 tot 88 van die EKT-wet, sal die Gebruiker, niteenstaande enige kriminele vervolging, aanspreeklik wees vir enige verlies, verpligtinge en skade wat deur Ahaekhetdit opgedoen kan word as gevolg van of wat verband hou met sulke misdrywe.

### **Toegang tot die Webwerf:**

Ahaekhetdit behou die reg voor om jou toegang tot hierdie webwerf enige tyd te beperk, op te skort of te beëindig indien jy hierdie gebruiksbepalings volgens Ahaekhetdit oortree het. So 'n beperking, opskorting of beëindiging sal sonder vooroordeel wees jeens enige regte wat Ahaekhetdit teen die Gebruiker mag hê in verband met so 'n oortreding.

### **Programmatuur en toerusting**

Dit is die Gebruiker se verantwoordelikheid om, op die Gebruiker se onkoste, die rekenaarhardeware en apparatuur, programmatuur, kommunikasielyne en kommunikasieweë en Internettoegang-rekeninge te bekom wat nodig is om toegang tot die Internet en hierdie Webwerf te verkry en/of om inhoud van hierdie Webwerf te besigtig en af te laai.

### **Verwydering en korrigering van inhoud**

Die Gebruiker word aangemoedig om onakkurate, onwettige, oortredende en/of skadelike inhoud wat op hierdie Webwerf beskikbaar is, aan Ahaekhetdit te rapporteer, en Ahaekhetdit onderneem om sulke inhoud of enige deel daarvan te korrigeer en/of te verwyder as welke inhoud op redelike gronde wel onakkuraat, onwettig, oortredend en/of skadelik is. Die Kontak ons terugvoer blad kan hiervoor gebruik word of andersinds kan die gebruiker 'n epos stuur aan [kontak@ahawiskunde.co.za](mailto:kontak@ahawiskunde.co.za)



Ahaekhetdit behou die reg om enige foute te korrigeer sonder enige verantwoordelikhied teenoor die Gebruiker

### **Wysigings**

Ahaekhetdit behou die reg voor, in sy alleen- en absolute diskresie, om tydelik of permanent die Webwerf of enige deel daarvan te verander, te wysig of af te skaf sonder vooraf kennisgewing. Dit is die Gebruiker se verantwoordelikeheid om voortdurend op hoogte te bly van die veranderinge aan hierdie bepalinge en voorwaardes. Die Gebruiker se voortgesette gebruik van hierdie Webwerf nadat die bepalinge en voorwaardes verander is, is 'n aanduiding van die Gebruiker se aanvaarding van die nuwe bepalinge en voorwaardes.

### **Onderskepping van Kommunikasie**

Onderhewig aan RIKA, stem die Gebruiker in tot Ahaekhetdit se reg om alle kommunikasie wat deur die Gebruiker op hierdie Webwerf geplaas word of aan die werknemers van Ahaekhetdit gestuur word, te onderskep, te blokkeer, te filter, te lees, te skrap, bekend te maak en te gebruik. Die Gebruiker stem daartoe in en erken dat hierdie ooreenkoms die geskrewe toestemming uitmaak wat vereis word in terme van ECT en RIKA.

### **Kansellasië**

Ahaekhetdit behou die reg voor om toegang tot die webwerf te kanselleer, sonder enige kennisgewing wat kan lei tot die verbeuring en vernietiging van inligting geassosieer met die webwerf.

### **Wysigings**

Ahaekhetdit behou die reg voor om hierdie terme en voorwaardes te verander van tyd tot tyd, soos benodig. Die gebruiker gebruik die webwerf met die aanvaarding van die Terme en Voorwaardes soos wat dit op die webwerf gepubliseer is. Die gebruiker word aanbeveel om self gereeld die Terme en Voorwaardes deur te gaan.

### **Regsbevoegdheid en geldende reg**

Hierdie webwerf is geskep, gehuisves, in stand gehou en beheer in die Republiek van Suid-Afrika en as sulks beheer die wette van die Republiek van Suid-Afrika en die regsbevoegdheid van die Suid-Afrikaanse howe hierdie ooreenkoms en die gebruik of onvermoë om hierdie Webwerf te gebruik.

### **Regskostes:**

Ahaekhetdit sal nie aanspreeklik wees vir enige kostes wat deur jou aangegaan is vir professionele advies oor hierdie gebruiksooreenkoms nie.

### **Betaling en Privaatheid:**

Behalwe soos anders bepaal deur hierdie beleid, geld die reëls, prosesse en prosedures van Payfast.co.za en die relevante bank wat betaal, die transaksie goedkeur en kaart-agentskap vir alle betalings en transaksies wat op hierdie webwerf gedoen word en jou regte, verpligtinge met betrekking tot betalings wat aan of deur jou verskuldig is, sal daarvolgens bestuur word. Ons het alle moontlike maatreëls in plek om te verseker dat aanlynbetalings op Ahaekhetdit veilig is.

Ahaekhetdit stoor nie kredietkaartbesonderhede op ons stelsel nie. Alle betaling en inligting word direk deur Payfast gefasiliteer. Besoek gerus [www.payfast.co.za](http://www.payfast.co.za) om hulle sekuriteitsertifikaat en sekuriteitsbeleid te besigtig.

Indien jy verlies, skade of aanspreeklikheid aangaan, nieteenstaande Ahaekhetdit se voldoening aan die bogenoemde primêre maatreëls, vrywaar jy hiermee en hou Ahaekhetdit nie verantwoordelik vir enige verlies, skade of aanspreeklikheid van welke aard ook al wat voortspruit uit betalings en transaksies wat op hierdie webwerf gedoen word nie.

### **Volledige ooreenkoms**

Hierdie bepalinge en voorwaardes bevat die volledige ooreenkoms tussen die Gebruiker en Ahaekhetdit aangaande die onderwerp hiervan en hoegenaamd geen bepalinge, voorwaardes of voorstellings buite dié wat in hierdie bepalinge en voorwaardes uiteengesit is, is gemaak nie.

### **Kontakinligting**

Kontak Ahaekhetdit by [kontak@ahawiskunde.co.za](mailto:kontak@ahawiskunde.co.za)

### **Terugvoering en klagtes**

Indien u enige terugvoering of klagtes het, stuur 'n epos na [kontak@ahawiskunde.co.za](mailto:kontak@ahawiskunde.co.za)